Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 28 Februarie 2016

Baie Welkom by ons Nagmaaldiens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer

Omgee:

- Oom Danie de Klerk word Donderdag, 3 Maart geöpereer om ‘n gewas te verwyder.
- Pastor Gordon gaan DV 9 Maart vir ‘n klein operasie.
- Francois Kruger is Donderdag geöpereer.
- Tommie Roodt se ma is Donderdag oorlede.
- Juanita Stoop (Beyleveldt) herstel goed na die operasie.
- Lohann Briel moet Woensdag, 2 Maart ‘n operasie ondergaan by Donald Gordon hospitaal.
- Baie geluk aan Heidi Cornelissen met die geboorte van haar seuntjie, Pieter Stephan. Veels geluk ook aan haar ouers, Carel en Annatjie, wat oupa en ouma geword het!

Offergawes: ◊

Offergawes: ‘D’ gemerk: vir behoeftiges.Ongemerk: instandhouding v/die erediens.

Afkondigings: ☼

- Ons vier vandag **Nagmaal.** Ruan Calitz en Brandon Naudé sal ook Belydenis van hul geloof doen en Willie en Nolene se baba, Ruan Wynand, sal gedoop word.
- Onthou ons **aanderediens** wat fokus op die jeug **vanaand** om 17:30. Almal is welkom om dit by te woon.
- **Kinderkerk**: vandag is ons almal in die kerk om getuies te wees van God se genade aan ons!
- **Die kerkraadsvergadering** is geskuif na **Dinsdag, 8 Maart om 19:00.**
- **Die bejaarde lidmate** word hartlik uitgenooi om **Woensdag, 2 Maart om 09:30** by die kerk bymekaar te kom vanwaar hulle saam met Stephan en Ilse-Marié sal vertrek na 'n restourant vir 'n **Laat Ontbyt.** Sê asseblief vir ds Stephan vandag nog as jy wil saamgaan.
- **'n Gesprek oor die Doop** word beplan vir **Woensdag, 2 Maart om 19:00** in die kerkgebou. Almal is welkom.
- **Tee/koffie skinkbeurte – vandag** is dit Nagmaal en al die groepe is aan diens. Volgende Sondag skink Groep 4, Martie, Welna en Michelle.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Nagmaal, Belydenis en Doop

Ons gaan soos gebruiklik na die erediens vandag saamkuier in die saal sodat ons die nuwe Belydende lidmate en die nuwe Dooplidmaat behoorlik kan verwelkom!

Pastor Gordon Calmeyer het op 8 Februarie 70 geword en ons vier ook saam met hom in dankbaarheid teenoor die Here!

Hulle en hul families is die eregaste. Dankie aan almal wat die heerlike eetgoed gebring het.

Lekker verjaar ...!🕯

Verjaardag in die week:

04/03 HENNING SCHOURIE 083 358 8850 011 477 1569

Mag die Here jou oorvloedig seën

Dankie! Baie dankie aan Neels Beyleveldt se span wat die kerkterrein weer die afgelope week deeglik opgeruim het.

Gebed

Deel van 'n verhoorde gebed.

Die sentrale waarheid van Johannes 17

Die Feit dat Jesus se gebed verhoor is, gee aan my groot vreugde. Nou weet ek dat ek in goeie hande is.

Kernvers:
Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. Johannes 17:9

Vir 'n paar Sondae al staan ons stil by Johannes 17. Laas Sondag het gegaan oor tyd en seisoene. (Joh. 17:1)

As daar een gebed is wat hemel en aarde beweeg het , is dit Jesus se gebed vir sy kerk kort voor sy kruisiging. Johannes kon eenvoudig nie anders as om dit op te teken nie. Jesus praat in hierdie gebed oor 'n klompie belangrike dinge met Sy Vader.Kom ons kyk na nog 'n paar van hierdie sake.
Dit is belangrik om hierdie DLK te bêre en saam met volgende Sondag se DLK, waarin die res van die sake wat bespreek word (vanaf vers 9), saam te gebruik vir die antwoord van die vier vrae oor Johannes 17 wat ook volgende Sondag ingesluit sal word.

Johannes 17: 1 – 8 :
Jesus vra eerstens vir God om Hom te verheerlik (v 1) Daarmee verwys Hy na sy kruisiging. Jesus voeg ook by dat Hy vir God deur sy aardse optrede verheerlik het. Hy het presies gedoen wat God vir Hom gesê het om te doen (v 4).
Daarom kan Hy nou met vrymoedigheid vra dat God dieselfde eer aan Hom sal teruggee wat Hy gehad het voordat Hy na die wêreld toe gekom het (v 5)

Jesus sê ook vir God dat Hy sy Naam bekendgemaak het aan almal wat Hy aan Hom gegee het (v 6).Van hulle kant af het hulle God se woorde ter harte geneem deur te glo dat Jesus die Seun van God is. (v 7-8)

Gebed:
Dankie Vader dat ons weet dat Jesus se gebed verhoor is. Daarom kan ons vandag nog uit hierdie gebed leef.

- **Terloops, jou kommentaar oor die gebedsriglyne en motiveringstuk in DLK sal waardeer word. Laat weet gerus vir Gerhard Botha wat jy dink. (tel. 011 477 4971 of sel. 083 537 9770)**

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792,vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep –Gerhard en Susan Botha 0835379770
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

Ander nuus

- **Sustersaamtrek**: Almal kom Saterdagoggend om 07:45 by die kerk bymekaar, sodat niemand hoef te verdwaal nie! Dames word gevra om iets wit aan te trek.